

Plaasaanvalle en –moorde in die Vrystaat

'n Kort analise van die plaasaanvalle en -moorde in die Vrystaat deur Vrystaat Landbou se Veiligheidslessenaar, het bepaal dat daar gedurende die finansiële jaar 2020-2021 reeds 61 plaasaanvalle en 12 moorde in die Vrystaat plaasgevind het.

Die 2020-2021 finansiële jaar het die meeste aanvalle en moorde in 'n 5 jaar periode gehad. Ses (6) produsente en 2 opkomende boere is in die finansiële jaar vermoor, meestal op plase. Agtien (18) produsente, 28 werkers wat voormanne en sekuriteitswagte insluit, 4 opkomende boere, 9 persone wat op plase/kleinboewes woonagtig is, was aangeval. In twee (2) insidente is beide werkers en produsente aangeval.

Die meeste aanvalle vind oor naweke plaas en gedurende nagtelike ure (18h00 – 05h59). In 10 aanvalle is 3-5 slagoffers aangeval, terwyl 2 slagoffers in 11 aanvalle geviktimizeer is. Drie-en-vyftig (53) van die slagoffers was in die ouderdoms groep 30-59 jaar oud, terwyl 10 slagoffers 18 jaar en jonger was en 4 slagoffers was ouer as 80 jaar. In 19 aanvalle was daar tussen 4-7 aanvallers betrokke, terwyl daar in 1 insident 10 aanvallers was wat oorgrens geopereer het. In 52.46% het slagoffers ernstige beserings opgedoen, hetsy nek/hoof beserings of skietwonde.

In nagenoeg 50% is vuurwapens deur die aanvallers gebruik. In die meeste aanvalle is kontant en selfone geroof, gevolg deur vuurwapens, voertuie en vee. In 14 aanvalle is aanvallers met voertuie na plase vervoer. Gedurende 19 aanvalle, wat binne huise uitgevoer was, is slagoffers meestal gedurende nagtelike ure oorval. In 17 aanvalle is arrestasies uitgevoer (27.87%).

Boeregemeenskappe word versoek om enige verdagte persone en of voertuie met hul veiligheidsverteenwoordigers van die boereverenigings en of gebiedskantore op te neem, wat verder met die Landelike Veiligheidskoördineerder van die SAPD in die area sal skakel. Enige van die misdade wat as die voorlopers van 'n moontlike plaasaanval in die Landelike Beveiligingstrategie geïdentifiseer is, bv brandstigting, kwaadwillige saakbeskadiging, intimidasie en betreding moet ook gerapporteer word en sake geopen word. Die inligting kan ook met VL se Veiligheidslessenaar geskakel word.

In die 2020-2021 finansiële jaar is daar 26 plaasaanvalle voorkom in die Vrystaat waar vooraf skakeling van inligting tussen boerdery gemeenskappe en die SAPD plaasgevind het, en die bedreiging afgeweer is. Boerdery gemeenskappe word weereens versoek om enige inligting dat hul of hul gesinne en of werkers moontlik geteiken kan word, deur te gee aan die LV koördineerder en of veiligheids verteenwoordiger en of VL Veiligheidslessenaar.